**DONDERDAG 28 MEI**

**SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: EKSODUS 23:14-19; EKSODUS 34:18-26**

## Feeste tot eer van God behaag Hom

Ons vier elke Sondag fees tot eer van die Here en bely dan ons geloof in God. Maak ons dan nie 'n fout deur spesiale feeste te hê waarby spesifieke heilsdade van God herdenk word nie?

God maak dit egter duidelik in sy Woord dat dit Hom behaag wanneer sy volk op groot skaal feesvier. In Deuteronomium 5 maak Hy dit duidelik dat die volk elke Sabbat daaraan moes dink dat hulle slawe was en deur God uit Egipte verlos is. Tog moes hulle jaarliks die Paasfees vier wat ten volle daaraan gewy is dat hulle moes dink aan hoe hulle verlos is. Alhoewel die Israeliete dus elke Sabbat aan hulle verlossing gedink het, moes hulle steeds jaarliks 'n grootskaalse verlossingsfees vier.

Daar is dan geen probleem daarmee dat ons groot feeste hou nie. Hierdie feeste moet egter ten volle tot eer van God wees. 'n Kerspartytjie waarby drank, kos en die verskyning van 'n bebaarde kersvader die hoofitems van die fees is, grens aan afgodery. As die Paasnaweek bloot belangrik is op die kalender ter wille van die geleentheid om 'n langnaweek te kan hê, word God nie geëer nie. Wanneer Hemelvaart ophou om 'n fees te wees omdat ons nie meer 'n publieke vakansiedag het nie, was die viering van die troonsbestyging van ons Here Jesus nooit vir ons werklik 'n saak van blydskap en feesvreugde nie.

Kerklike feeste het 'n belangrike plek en behaag God, maar dan moet dit waarlik feeste tot eer van God wees.

*Sing: Psalm 122:1*

*Ds. HB (Bernard) Hattingh (Warmbad)*